

# Hoe om vas te steek met spelde

## Inleiding

Naalde en spelde is albei skerp. ‘n Naald het ‘n oog waardeur die gare gaan, en spelde het koppe. Spelde kan in alle vorms en groottes kom. Sommige is groot en ander klein, party met glas- of plastiekkoppies en ander met koppe van staal. Spelde word in naaldwerk gebruik om twee lae lap aanmekaar vas te steek voordat dit aan mekaar vasgewerk of vasgestik word. As jy goed met ‘n speld kan vassteek, kan jy baie tyd spaar en netjies werk.

## Hoe gaan jy dit leer?

Vandag gaan jy leer om lap vaardig vas te steek. Jy gaan ook ‘n pragtige pomander Kersversiering maak.



## Dictionary

*POMANDER*

*Die balvormige rangskikking van geurige blomme en kruie is vasgeheg aan dames se rokke of vasgehou in spesiale blomvase gedurende die middel-eeue.*

*Dit is ook gedra as beskerming teen infeksie gedurende tye van peste of eenvoudig net as ‘n gebruiksartikel teen slegte reuke. Ons gebruik deesdae pomanders as versierings tydens Kersfees en by troues.*

Quilt Club 4 Youngsters #saqgqc4y
© Kopiereg SAQG 2021. Mag gratis afgelaai en versprei word vir onderrig. Mag nie versprei word sonder die SAQG inligting nie.
www.quiltsouthafrica.co.za

## Wat het jy nodig?

### 'n Plek om te werk

Vir vandag se projek het jy 'n plek nodig waar jy kan werk sonder onderbreking vir omtrent 'n uur.

- Tafel,
- Stoel, hoog genoeg om gemaklik by die tafel op te sit
- Genoeg lig om goed te sien wat jy doen
- Snippermandjie vir afvalstukkies lap en papier,

### Gereedskap

Jy gaan die volgende gebruik:

- Jou gereedskapskatkissie met naaldwerk gereedskap
- 'n Vingerhoed
- Spelde
- 'n Potlood
- 'n Snymat of keramiek teël om op te werk

### Benodighede

Jy gaan die volgende nodig kry:

- Twee stukkies kwilt katoen lap 5cm x 8cm
- 'n Polystrene bal omtrent 7-8cm in deursnit.
- Lint in verskillende kleure
- Mooi knopies
- Stukkies kant
- Sy of geborduurde blomme of ander versierings

**Woordeboek**

*POMANDER Die balvormige rangskikking van geurige blomme en kruie is vasgeheg aan dames se rokke of vasgehou in spesiale blomvase gedurende die middel-eeue. Dit is ook gedra as beskerming teen infeksie gedurende tye van peste of eenvoudig net as 'n gebruiksartikel teen slegte reuke. Ons gebruik deesdae pomanders as versierings tydens Kersfees en by troues.*

### Hoe om twee stukkies lap aan mekaar vas te steek met spelde

As 'n mens naaldwerk doen, speld jy gewoonlik die nate vas, om seker te maak dat die lappies reg op mekaar vassit, voordat jy dit vasstik.


- Plaas die twee stukkies lap opmekaar met die regte (mooi) kante teen mekaar.





Quilt Club 4 Youngsters #saqgqc4y
© Kopiereg SAQG 2021. Mag gratis afgelaai en versprei word vir onderrig. Mag nie versprei word sonder die SAQG inligting nie.
www.quiltsouthafrica.co.za

- Sonder om die lappies op te tel, weef die speld deur beide die lappies. Trek die lappies styf met jou linkerhand terwyl jy die spelde deursteek. Die punte van die spelde moet na die binnekant van die lappies wys en die koppe van die spelde moet oor die kant steek. Maak seker dat die lappies plat lê .
- Die lappies is nou gereed om gestik te word



*Wanneer jy appliek doen, (soos die hartjie in Les 3) kan jy ook spelde gebruik in plaas van gom. Hier het ons kort appliekspeldjies gebruik wat spesifiek gemaak word vir appliekwerk.*

## 'n Bietjie pret

Kyk na die Polystrene bal. Kan jy die lyntjie sien waar die twee halwes bymekaar kom? Dit is waar jy die eerste lint gaan vassteek. Sit jou vingerhoed aan die middelvinger van jou regterhand. Dit sal jou vinger beskerm. Sit 'n speld ongeveer elke 2cm. Heg die tweede lint loodreg (dwars) oor die eerste om die bal in kwarte te deel.




Jy kan 'n ander kleur lint gebruik om die bal verder te verdeel.




Hou aan om linte by te voeg, sodat elke kwart in 3 dele verdeel is.


© Kopiereg SAQG 2021. Mag gratis afgelaai en versprei word vir onderrig. Mag nie versprei word sonder die SAQG inligting nie.
www.quiltsouthafrica.co.za



Speld nou knopies, blomme of ander versierings vas. Speld die knopies sodat die spelde soos 'n bul se horings buitentoe wys, sodat die knoop in plek gehou kan word.



Speld ook 'n blommetjie op die basis van die bal waar al die linte bymekaar kom.



Jy kan nou 'n strikkie met 'n langer stuk link vasmaak aan die bokant van die bal sodat jy die bal kan ophang.



## Ruim op.

Onthou om al jou spelde en naalde te bêre, op die speldekussing of in 'n naaldeboekie. Gebruik die snippermandjie om stukkies papier en gare in op te tel. Laat altyd jou werkspasie so netjies soos jy dit gekry het. Jy kan met reg trots wees op jouself vandag!


© Kopiereg SAQG 2021. Mag gratis afgelaai en versprei word vir onderrig. Mag nie versprei word sonder die SAQG inligting nie.
www.quiltsouthafrica.co.za

## Wys en vertel

Jy kan jou ouers vra om jou kers pomander op te hang. Vra hulle hulp om 'n foto of twee van jou versierde balletjie te stuur aan die #saqgqc4y WhatsApp groep.

## Wat leer ons volgende keer?

Hoe om te meet en te teken

## Het ek iets gemis?

Hou 'n ogie op die #saqgqc4y WhatsApp groep en op die SAQG webblad by https://www.quiltsouthafrica.co.za/ vir ander projekte.

- Wat het ek nodig om naaldwerk en kwiltwerk te doen?
- Hoe leer jy om gare in 'n naald te steek?
- Hoe om te begin met 'n kwiltersknopie en te eindig met 'n Franse knoop.




© Kopiereg SAQG 2021. Mag gratis afgelaai en versprei word vir onderrig. Mag nie versprei word sonder die SAQG inligting nie.